# ‘n Lewe van Seën: Deel 5 – Vreugdevolle Vooruitsig

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

***Matteus 5:7***

*Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.*

***Ander vertalings:***

***Amplified***

*“Blessed [content, sheltered by God’s promises] are the merciful, for they will receive mercy.*

***Good News Translation***

*“Happy are those who are merciful to others; God will be merciful to them!*

***Bybel vir almal***

*7Mense wat goed is vir iemand wat swaarkry is gelukkige mense. God sal vir hulle ook goed wees.*

***As jy dink aan die terme Genade en Barmhartigheid, hoe dink jy moet ‘n Christen dit uitleef? Definieer ook wat Genade en Barmhartigheid beteken.***

________________________________________________________________

________________________________________________________________

**Hoe sou die wêreld anders gelyk het, indien Jesus nie barmhartig was nie?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Bepreek hoekom is Matteus 5:7 dan so belangrike opdrag van Jesus.**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Watter Vreugdevolle Vooruitsig beleef ons wanneer ons gehoorsaam is aan Jesus se opdrag?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Bestudeer weer Matteus 5:3-6 om te verduidelik hoekom dit nie moontlik is om Barmhartig te wees indien ons nie die Heilige Gees al ontvang het nie.**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Bestudeer die volgende gedeeltes wat God verduidelik as 'n barmhartige God: Miga 7:18, Eksodus 34:6 en Hebreërs 4:14-16. Hoe het Jesus vir ons barmhartigheid bewys?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Wat is Jesus se verwagting vir Sy mense? Matteus 9:9-13, Miga 6:8 en Matteus 23:23**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Wat sê Jakobus oor barmhartigheid in Jakobus 2:13. Bespreek hoe jy die teks verstaan.**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

## Hoe bewys ons Barmhartigheid?

**Bestudeer die volgende gedeeltes en bespreek op watter manier ons barmhartigheid kan begin bewys? Matteus 25:31-45, Matteus 18:21-35 en Kolossense 3:13-14.**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Vergifnis is een van die maniere hoe ons barmhartigheid bewys. Vir wie moet jy vandag begin vergewe?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**